



NG Kerk Randburg

groeï. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za

Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za

<http://www.ngrandburg.org> / facebook.com/ngkerkrandburg

18 September 2022

VANDAG

- Erediens:** Ds Servaas de Kock. **Filemon 1 – 21.** *Liefde ruil skoene ... en breek grense af!*
- Jeugwerk:** Kleuterkerk - **3-6 jr** (Koffiekroeg), Kleinkerk - **Gr 1-3** (Kamer 1), **Gr 4-6** (Afdak), **Gr 7-8** (Kamer 2), **Gr 9-10** (Konsistorie).
- Gesinne met jonger kinders** ontmoet na die diens in die koffiekroeg.
- Bloedskenk-Sondag:** Die *SANBS Blood Drive* is na die erediens in die kerksaal om vir soveel as moontlik lidmate die kans te gee om bloed te skenk.
- Nuwe lidmate – Baie welkom!** Meld asb by die diensspan by die tafel in die portaal aan.

ONS LEWE

1. Program vir volgende weke:

25 Sep	Ds Rian Steenkamp; Omgeegroep; Jeug-lofprysing tydens diens in saal
2 Okt	Ds Rian Steenkamp
9 Okt	Ds Rian Steenkamp

- Ds Servaas is met verlof** van 19 September tot 9 Oktober. Reëlings is getref vir bystand aan lidmate in krisissituasies in hierdie tyd. Kontak asseblief die kerkkantoor (011 789 2428) of vir Shani Oberholster (083 226 9988) om te verseker dat die proses kan plaasvind indien nodig.

ONS DIEN

- Kerskardoes 2022:** Lidmate kan tot 2 Oktober begunstigdes vir die projek nomineer. Stuur asb besonderhede aan ds Servaas. Dié projek loop vanaf 16 Oktober tot 21 November. Omgeegroep en lidmate moet asseblief betyds oorweging skenk aan hulle deelname.
- Gebedsaksie:** 'n WhatsApp-groep maak gebedsversoeke aan die gebedsvennote bekend. Versoeke word aan Marisa Combrinck (082 823 8654) gerig. **Gebedskandelare** teen die muur by die groot ingang deur bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of asseblief kers* wil opsteek.
- Doorway to Dignity** (Trevor Webster – 062 752 7403) is deurlopend besig met projekte wat op verskillende maniere ondersteun kan word. Klere en kos word versprei, huisvesting in skuilings en hulp met werkskepping word aangebied. *Pots of Hope* – 'n Saterdag-potjiekosdag vir straatmense - word in Oktober by ons buur-kerk Ferndale Bible Chapel aangebied. Kontak hulle gerus vir inligting.

GELUK MET DIE VERJAARSDAG



18/09 Zioné Oosthuizen

19/09 Danielle Marais

20/09 Christo Auret, Francois Cross, Babs Faber

21/09 Louise Taljaard, Antoinette Thamm, Brand van Heerden

23/09 Chris de Waal, Christian Wentzel

24/09 Lilly Crafford

ONS GEE OM

- 1. Bejaardes en chroniese siekes: Di Hart** (083 226 5486), **Annette van Heyningen** (074 298 3338 - Chris), **Piet Homan** (072 355 2186), **Heleen Bekker** (072 419 8235), **Johan Kemp** (011 787 6274), **Ria Horn** (079 195 3842), **Abraham Verryne** (083 483 9132) en **Charles Griffiths** (084 588 4403).
- 2. Operasies, hospitalisasie en gesondheidsprobleme:**
 - **Chris de Waal** (082 926 2282) herstel na 'n heup-operasie.
 - **Hein Fürstenburg** (083 285 6848) ontvang intensiewe chemo-terapie.
 - **Linda McQueen** (083 696 7649) ervaar 'n terugslag in haar gesondheid.
 - **Dolf Müller** (082 854 8815) ervaar probleme met sy gesondheid.

FAMILIEFOKUS – KINDERS IS GESKENKE

Mense kan jou gereeld baie verbaas of verras. Party mans kan byvoorbeeld hulle motors, sporttoerusting of horlosies so wonderlik versorg. Ure en ure en baie geld word aan die kosbare besitting bestee. Dit kan dalk vergelyk word met die moeite wat 'n vrou met haar hare doen. Net die beste haarkapper durf dit naby haar kop waag. Die hare word gekleur, gesny en geblaas, en die hele proses herhaal elke maand. Dit kos 'n fortuin, maar geen tyd of geld is te veel gevra vir dit wat belangrik en kosbaar is nie.

Ja, kosbare besittings vra tyd en geld. As iets vir jou 'n prioriteit is, is dit tog eintlik vanselfsprekend dat jy baie energie daaraan sal bestee, en 'n groot deel van jou fokus in die lewe sal daarop ingestel wees. As ouers net wil beseft dat hulle kinders eintlik hulle kosbaarste geskenke is. Jou kind behoort jou belangrikste prioriteit te wees.

Moenie dink as jy baie moeite doen met hulle sportafrigting en vir hulle baie en duur klere koop, doen jy genoeg nie. Al die ekstra klasse en privaat afrigting ter wille beter prestasie (nie agterstande nie) word met 'n glimlag betaal en die rondry daarvoor is geen moeite nie.

Bestee jy die meeste van jou tyd aan jou kinders? Belê jy in jou kinders se geestelike ontwikkeling en nie in hulle wêreldse heil nie? Onthou, wêreldse heil is tydelik en dit leer hulle verkeerde waardes. **Bestee jy genoeg tyd aan jou kind sodat hulle emosioneel gesond kan wees?** Is jy besig om hulle vólle potensiaal raak te sien en te ontwikkel? Is jy op jou knieë voor die Here om by Hom te hoor wat jy volgende moet doen of waar jy iets moet regmaak?

Dink net weer hoe belangrik en kosbaar jou kind vir God is. Is jou kind vir jou net so belangrik? Is jou kind werklik 'n hoë prioriteit in jou lewe? *Johan Smith @ <https://www.vitaamp.org/>*

WOORDGESPREK

- Vir omgegroepe en huisgeloof -

Week van 18 September – Filemon 1 - 21

Stil word en aanbidding: Dink bietjie oor die week. Deel met mekaar julle vreugdes en vrese van die afgelope week. Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik? Lees Psalm 139 : 1-6, 13-16 as 'n gebed. Dink na oor wie jy is in God se oë. En onthou, God kyk so na elke mens wat jou pad kruis.

Woord: Die brief aan Filemon is Paulus se kortste brief – die Griekse weergawe bevat net 335 woorde. Die brief is geskryf tussen 55 en 61 n.C. terwyl Paulus in die tronk was. Alhoewel Paulus eintlik bekommerd moes wees oor sy eie omstandighede, is hy meer bekommerd oor die slaaf, Onesimus en sy verhouding met sy eienaar, Filemon.

In die Grieks-Romeinse wêreld kon byna enige iemand 'n slaaf word. Tussen 35 en 40% van die totale bevolking was slawe. Slawe het geen regte gehad nie, kon gekoop of verkoop word, kon mishandel word na die goeddunke van die eienaar en 'n slaaf wat weggeloop het, kon wettiglik deur die eienaar doodgemaak word. Filemon was waarskynlik 'n kerkleier in die gemeente van Kolosse. Dit is duidelik uit die brief dat Filemon en Paulus mekaar goed geken het. Paulus dit duidelik dat die brief bedoel is vir die hele gemeente.

Lees nou hierdie baie persoonlike brief se 21 verse.

Gesprek:

1. Vergelyk vers 1 en vers 17. Wat is betekenisvol daaraan?
2. Wat leer ons oor vergifnis en versoening in die brief? Het iemand al iets aan jou gedoen wat jy sukkel om te vergewe? Noem voorbeelde van dinge wat ons sukkel om te vergewe.
3. Wat gebeur met jou wanneer jy 'n *'grudge'* teen iemand het? Waarom dink jy moet Jesus-volgelingen ander vergewe?
4. Wat hoor ons in vers 19b oor die rede waarom ons moet vergewe?
5. Vertel van 'n keer waar jy ervaar of gesien het hoe liefde en vergifnis verhoudings verander het.
6. Hoe word Filemon en Onesimus se status verander? Watter lesse kan ons hieruit leer oor die ongelykheid wat daar in ons land tussen mense bestaan? En watter reaksie vra dit van ons?
7. Dink en gesels oor die stelling: *Hierdie teks breek deur die sagte sappige oppervlak van "ek is lief vir Jesus en Hy is lief vir my" en roep ons op tot 'n radikale nuwe menswaardigheid. Die brief aan Filemon beur verby die snoesige gemeenskap van eendersheid en vra 'n waagmoedige omhelsing van "die ander".*

Om te doen: As jy iemand moet vergewe, moenie uitstel nie! Doen dit hierdie week nog! En om vergifnis te vra, beteken soms dat jy bereid moet wees om reg te maak wat die verhouding in die eerste plek seergemaak het. Moet dit ook nie uitstel nie!

Afsluiting: Bely in die volgende week elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid: *"Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."*

SNUFFELGIDS

- 1. Blomme en dekor vir enige geleentheid:** Troues, konferensies, verjaarsdae en spesiale vierings. Groot verskeidenheid beskikbaar. Epos: [blessings.flowerings@gmail.com](mailto: blessings.flowerings@gmail.com) of kontak Betsie (082 442 6373) vir meer inligting.
- 2. Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
- 3. Loodgieter:** Gekwalifiseerde loodgieter. Skakel Maurice van Wyk (076 266 2068).
- 4. Te koop:** Tuisgebakte klein koekies en beskuit te koop. Kontak Elsabe - 082 877 6501.
- 5. Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
- 6. Herstel en diens** van motors en bakkies. Afgetrede werktuigkundige. Basil - 078 165 4808.
- 7. Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuüm verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maaltvleis ook beskikbaar. Besoek www.affi-plaas.co.za of kontak Martiens (071 609 8937) vir meer inligting.
- 8. Wondersalf te koop:** Help vir sinus, spierpyne, bytplekke, sonbrand ens. R110 per houer. Navrae by kerkkantoor of 083 226 9988.
- 9. Betroubare bediende** soek werk. Kontak Elriena (082 837 7480) vir meer inligting.
- 10. Te huur:** 3 Slaapkamer woonstel naby Afrikaanse skole en Ferndale-winkelsentrum. Twee badkamers. Twee garages. 24 Uur sekuriteit en swembad. R9,550 plus elektrisiteit pm. Deposito verlang. Kontak Johan (082-653 8370).
- 11. Ingeboude kaste:** Kontak Mike Kidson vir verdere besonderhede – 082 810 1948.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings
as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

**Gebruik SnapScan vir enige
betaling aan die gemeente.**

